

Esegiël se roeping		Oordeel oor Juda	Oordeel oor ander nasies	Herstel van Israel	
Hy sien God se heiligheid (1)	Hy kry sy opdrag (2-3)	Tekens, boodskappe, visioene en gelykenisse van oordeel (4-24)	Oordeel oor omliggende nasies (25-32)	Terugkeer na God (33-39)	Herstel van die koninkryk (40-48)
Voor die val van Jerusalem in Babilon 592-587vC			Val 586 vC	Na die val, 585-570vC, Babilon	

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Eseg 1	Eseg 1-3
Di	Eseg 4	Eseg 4-6
Wo	Eseg 9	Eseg 8-11
Do	Eseg 18	Eseg 16-18
Vry	Eseg 34	Eseg 33-34
Sat	Eseg 36	Eseg 36-37
Son	Eseg 47	Eseg 47-48

Die woorde: “*Hulle sal besef dat Ek die Here is*” kom minstens 66 keer in die boek Esegiël voor.

Esegiël het in die ballingskap sy eie huis bewoon (8:1) en hartseer en verslae die bannelinge as herder, profeet en priester gedien. Sy bediening het in die vyfde jaar van koning Jojagin se ballingskap in aanvang geneem. Met ‘n visioen oor God se glorie roep God Esegiël as profeet in die eerste drie hoofstukke. Hy was ‘n tydsgenoot van Jeremia, maar hulle het duisend kilometer uitmekaar gewoon – Jeremia is nie weggevoer nie..

Hoofstukke 4-24 bevat oordeelsuitsprake oor Juda. Hierdie uitsprake dateer voor die val van Jerusalem. Hy stel Israel voor as nuttelose wingerdstok en owerspelige vrou. In ‘n gelykenis vergelyk hy Nebukadnesar met ‘n groot arend wat die boonste takkies van ‘n sederboom (Jojagin en Israel se adel) afpluk. Daarna plant hy ‘n wingerrdstok (Sedekia en die oorblewendes in Jerusalem). Die wingerdstok draai egter sy wortels en takke na ‘n ander arend (Egipte – soos ons gesien het in die vorige brief aan die einde van Jeremia se bediening). In hoofstuk 24 kondig God aan dat Esegiël se vrou skielik sou sterf, maar dat hy nie oor haar mag rou nie, maar sy smart in stilte moes dra. Dit sou ‘n teken wees dat die volk in stilte moes rou oor die verwoesting van die tempel en Jerusalem.

Hoofstukke 25-32 en 35 bevat oordeelsuitsprake teen heidenvolke. In hoofstukke 33-34 en 36-38 kry ons profesie oor Israel se herstel. Die gesig van die laagte vol dor bene dra die belofte oor dat die nasie weer in die land sal woon met God se kneg Dawid (Christus) as Heerser. Hy beskryf ook die vernietiging van Gog en Magog, Israel se laaste vyande. Hy beskryf ook die nuwe tempel en dat die Here se heerlijkheid weer die tempel sal vul. Die naam van die stad sal wees: “Die Here is daar!”

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Esegiël se visioen

Die hemel het in 'n visioen oopgegaan vir 'n boodskap wat ek moes verstaan. (Eseg 1:1)

'n Hewige storm uit die Noorde bring vir my God se woorde. (Eseg 1:4)

Uit die wolk het vlamme geflits en blinkend teen die wit metaal geblits. Vier wesens het daaruit gekom met vier gesigte elk wat verstom. Hulle bene was reguit gewees met kloue soos die van 'n bees (Eseg 1:4-7).

Die voorste was 'n mens se gesig, links het die bees krag berig. Die regter gesig: die moed van 'n leeu en agter die arend se geskreeu. (Eseg 1:9-12).

Hierdie boek begin met 'n visioen sodat jy jou met die Almagtige versoen, want as Hy weer so kom verskyn, is dit die einde van aardse pyn!

Ja, die boek waarsku oor oordeel wat kom, maar ook God se genade wat verstom. Maar net dié wat in Sy woorde glo sal deel in die vreugde daarbo...

Van klip na vlees

Die leiers van Juda het voor my gesit toe neem die mag van die Here my in besit. Ek het deur die lug na Jerusalem gegaan en voor die afgodsbeeld gestaan. (Eseg 8:1-4)

Ek moes die voorhof muur afbreek om te sien wat die leiers wegsteek. Daar het hulle afskuwelike gode gedien, want hulle dink God kan dit nie sien... (Eseg 8:7-13)

Daar was geen agting meer vir God's gebod: Vrouens het gehuil oor die vrugbaarheidsgod. 'n Stuk of vyf en twintig man in getal, het in aanbidding voor die songod neergeval. (Eseg 8:14-16)

Sien jy hoe die volk my tart? Al roep hulle ook hoe hard sal Ek hulle nie hoor, as die vyand hul vermoor... (Eseg 8:17-18)

Die straf is naby vir die stad! Jy moet jou skrywersakkie vat en voorkoppe merk van die wat kla oor hoe afskuwelik die volk hul gedra. Vir hulle wat vir die sonde grief het Ek nog innig lief! (Eseg 9:1-4)

Gaan agter hom aan om die res dood te slaan. Begin by die heiligdom - jonges en ook dié in ouderdom. Moet hulle nie jammer kry, want hierde opdrag kom van My! (Eseg 9:5-6)

Die oorblyfsel is nie hulle wat in Jerusalem bly. Nee, dis die gelowiges, al is hulle versprei. Al is hulle ver, het Ek self hulle heiligdom gebly, Ek gaan hulle vergader en hul sal die land terugkry. (Eseg 11:15-17)

Ek sal hulle 'n ander hart gee en ook 'n nuwe gees daarmee. Hulle sal volgens my voorskrifte leef en na al my bepalings streef.

Hulle sal My volk wees en Ek sal hulle God wees. Ja, 'n kliphart sal nie meer daar wees, maar 'n warm hart - een van vlees. (Eseg 11:19-20)

Met 'n hartverskeurende daad het God Sy tempel en stad verlaat... Al het hierdie gesig my so ontstel, moes ek dit vir die ballinge gaan vertel. (Eseg 11:22-25)